

Dinsdag 16 Januarie

Skrifgedeelte: Filippense 4:10-20

Fokusgedeelte: Filippense 4:18;
Heidelbergse Kategismus 33:91

Die eer van God as doel van ons goeie werke

Vanweë die mens se sonde is hy geneig om goeie werke te doen sodat hy self daar-deur geëer kan word. Dit is selfs moontlik dat ons ons eie eer kan probeer bevorder onder die dekmantel dat ons die eer van God nastreef. Maar Christus leer ons: “Laat julle lig so voor die mense skyn dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik” (Matt. 5:16). Paulus sê: “Of julle eet en of julle drink, of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God” (1 Kor. 10:31).

Dit was ook die Filippense se doel met die gawes wat hulle deur middel van Epafroditus aan Paulus gestuur het en Paulus het dit ook so begryp. Daarom skryf hy aan hulle: “Maar ek het alles ontvang en ek het meer as genoeg. Noudat ek van Epafroditus ontvang het wat julle gestuur het, het ek alles wat ek nodig het. *Julle gawe is voor God 'n offer met lief-like geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig*” (Fil. 4:18).

Veral die laaste aangehaalde woorde van Paulus, waarmee hy die gawe aan hom ka-rakteriseer, is in hierdie verband baie belangrik. Daarmee toon hy dat die uiteindelike doel van die Filippense se gawe aan hom die eer van God was. Daarom was dit 'n goeie werk. Deur hulle gawes wou die Filippense hom in staat stel om aan te hou om, ondanks sy boeie, die evangelie te verkondig. So kon die koninkryk van God uitgebrei en sy eer be-vorder word.

Hierdie nadruk op die eer van God in alles wat ons doen, en in die besonder by die doen van goeie werke, is van die uiterste belang. In navolging van Calvyn het huis die reformatoriiese kerke die verheerliking van God gesien as die hoofdoel van die lewe van die Christen. Dit gaan immers daarom dat ons in alles daadwerklik tot eer van God moet lewe (1 Kor. 10:31). Vandaar die bekende reformatoriiese belydenis: *Soli Deo gloria* – aan God alleen die eer.

Daarom is dit veelseggend dat die eerste antwoord van die *Groot Kategismus van Westminster* soos volg lui: “Die hoogste en vernaamste doel van die mens is om God te verheerlik en Hom tot in ewigheid volmaak te geniet.” So gryp ons lewe met goeie werke nou reeds vooruit na die nuwe aarde waarop die woorde van Jesaja (6:3) ten volle vervul sal wees. “Die hele aarde is van sy heerlikheid vol!” (1953-vertaling).

Dan sal alles en almal die eer en heerlikheid van God so verkondig: “Amen! Die lof en die heerlikheid, die wysheid, die dank en die eer, die mag en sterkte behoort aan ons God tot in alle ewigheid. Amen!” (Op. 7:12).